MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

> Sukses is die som van klein pogings wat dag in en dag uit herhaal word.

## Uit die Hoof se Kantoor

Die eksamen is uiteindelik agter die rug. Baie dankie aan elke leerder wat saamgewerk het om 'n sukses daarvan te maak. Ons sien uit om die vrugte van elke klein poging te pluk.
Die Intersenfase leerders gaan eersdaags op hul jaarlikse toere. Ons vertrou dat die programme wat tydens dié toere aangebied word, vir elke leerder van waarde sal wees.

## INLIGTING

### PRYSUITDELINGS

Graad 1:
Oefening - Woensdag, 29/11 10:00-12:00
Prysuitdeling, Donderdag, 30/11 08:00-10:00

Graad 2:
Oefening - Dinsdag, 28/11 10:00-12:00
Prysuitdeling, Woensdag, 29/11 08:00-10:00

Graad 3:
Oefening - Maandag, 27/11 08:00-10:00
Prysuitdeling, Dinsdag, 28/11 08:00-10:00

Laureatus Akademiese Prysuitdeling:
Oefening - Maandag, 04/12 10:00-11:00
Prysuitdeling, Dinsdag, 05/12 08:00-10:00

Alle grondslagfase leerders, asook *Laureatus* Prysuitdeling-wenners, moet asseblief die **oefeninge** bywoon. Alle Intersenfase leerders woon die *Laureatus* Prysuitdeling by.
Ouers van pryswenners ontvang 'n uitnodiging.

## SKRYFBEHOEFTE- EN BOEKELYSTE 2024 PER GRAAD

Vir u gerief is elke vak se skrifte, voorblaaie ens. uiteengesit.
Klik asseblief op die onderstaande toepaslike skakel.

GRAAD 4
GRAAD 5
GRAAD 6
GRAAD 7

24 November 2023 / Nuusbrief 22

2024

U kan nou reeds u kind by die MRP Musieksentrum, vir 2024, inskryf!







Klik asseblief op die onderstaande skakel vir meer inligting rakende.........

**2024-AFSKOP**

## HERWINNING BY MRP

Ons herinner ouers graag aan ons Herwinningsprojek by die skool. Dit is dié tyd van die jaar waar ons die huis stadig begin voorberei vir volgende jaar deur ontslae te raak van rommel en onnodige items.
Die Herwinningsmaatskappy waarvan ons gebruik maak, aanvaar graag die volgende items vir herwinning:

- Alle koerante, ou handboeke en werkboeke
- Plastiekomslae van boeke en lêers wat nie meer in 'n goeie toestand is nie
- Alle gebruikte wit papier
- Alle ander ongewenste verpakkingsmateriaal en bokse.

Indien u enige navrae het oor die aflaaipunt vir hierdie items vir herwinning, kontak gerus vir juffrou Van Wyk by chantellev@midstreamridgeprimary.co.za.

## CAPRIOLE STALLE PONIE-KAMP

Die baie gewilde skoolvakansieprogram is weer aan die gang vir die Desember-vakansie. Laat u kind(ers) die dag op die plaas, saam met die lieflike ponies en perde, spandeer. Aktiwiteite sluit in, perdry, borsel, voer en heelwat ponieverwante aktiwiteite. Lewenslange herinneringe van speletjies, pret en vriende (perd en mens) sal gemaak word. Hierdie kamp is geskik vir beginners en gevorderde ruiters, volgens ouderdomsgroepe en ondervinding.

Daar is 2 opsies beskikbaar:
Halfdag (09:00-13:00) @ R 240;
Voldag (09:00-17:00) @ R 320.
Kontak ons by 082 414 7378 of 082 573 4797 of equineiq@mweb.co.za vir meer inligting.

**CAPRIOLE PONIE-KAMP**

## "HIGHVELD HORSE CARE UNIT" (HHCU)

Die *Donkie Derby*-geleentheid het nie net gegaan oor pret en opwinding nie, maar ook om aan die gemeenskap terug te gee. Ons ondersteun dus graag die *HHCU*. U kan steeds lootjies vir slegs R20 by die skool se ontvangs koop. U deelname aan die "raffle" sal die *HHCU* ondersteun om 'n positiewe impak op die gemeenskap te maak en boonop staan u 'n kans om 'n prys te wen.
Die sluitingsdatum is 30 November.

## KOSSAKPROJEK

U het nog tot 1 Desember geleentheid om 'n kossak ten bate van behoeftige gesinne, by die skool se ontvangs af te lewer. Volg asseblief die onderstaande skakel vir meer inligting:

**KOSSAKPROJEK**

## TWEEDEHANDSE KLERE VIR LIEFDADIGHEID

Onthou ook dat u enige tweedehandse klere aan TRUTH kan skenk, wat onder behoeftiges versprei word. Dié klere kan by die skool-ontvangs afgelewer word.

## UNIFORMWINKEL-URE

| | |
|---|---|
| Maandag tot Vrydag, behalwe waar anders aangedui | 07:00-17:00 |
| 7 tot 14 Desember 2023 | 08:00-16:00 |
| 15 Desember 2023 | Slegs per afspraak *WhatsApp* 064 937 0551 |
| 4 tot 15 Januarie 2024 | 08:00-16:00 |
| Saterdag, 9 Des 2023 **en** Saterdag, 13 Jan 2024 | 09:00 - 13:00 Slegs per afspraak *WhatsApp* 064 937 0551 |

## RIDGE BOEKWINKEL

Ons moedig u aan om daadwerklik aandag aan u kind se boekbestellings vir 2024 te skenk, om teleurstelling te voorkom en om die boekwinkel geleentheid te gee om alle bestellings betyds af te handel.




